KleuterAkademie Gr.R
Ons leer deur te ervaar

Sondalweg 15, Eversdal, 7550
Posbus 1700, Durbanville, 7551
021 975 0611
graadr@akademiekleuters.co.za
www.kleuterakademie.co.za

**Stuur asb. die volgende saam met die aansoek:**

1. Een paspoortgrootte kleurfoto van die leerder
2. Afskrif van leerder se geboortesertifikaat
3. Afskrif van kliniekkaart
4. Afskrifte van beide ouers se identiteitsdokumente
5. Afskrif van mediesefondskaart
6. Vrywaringsvorm
7. Parasetamolvorm
8. Siekteprosedure
9. Facebook toestemmingsvorm
10. Kontakbesonderhede toestemming

HEG FOTO HIER

# Inskrywingsvorm 2024

| BESONDERHEDE VAN LEERDER: | | |
|---|---|---|
| Van: | Volle voorname: | |
| Noemnaam: | Geb. datum: | |
| Datum waarop u kind begin by die akademie: | | |
| Geslag: | Huistaal: | ID nommer: |
| Straatadres: | | Kode: |
| Kerkverband: | | |
| Indien voorheen in KleuterAkademie of boeties/sussies in KleuterAkademie, dui asb aan by watter tak en wanneer: | | |

| BESONDERHEDE VAN DIE OUERS / WETTIGE VOOG: | |
|---|---|
| **Vader** | |
| Van: | |
| Volle voorname: | Noemnaam: |
| Adres: | |
| Tel. huis: | Selnommer: |
| E-pos adres: | |
| ID nommer: | |
| Beroep: | Maatskappy: |
| Werksadres: | Kode: |
| Tel. werk: | Huistaal: |
| Kerkverband: | |
| **Moeder** | |
| Van: | |
| Volle voorname: | Noemnaam: |
| Adres: | |
| Tel. huis: | Selnommer: |
| E-pos adres: | |
| ID nommer: | |
| Beroep: | Maatskappy: |
| Werksadres: | Kode: |
| Tel. werk: | Huistaal: |
| Kerkverband: | |

| Addisionele inligting | |
|---|---|
| Naam en kontaknommer van vorige skool/speelgroepie: | |
| Wie sal u kind skool toe bring: | |
| Wie mag u kind na skool optel:<br>1.<br>2. | |
| Indien u, in geval van nood, nie onmiddellik beskikbaar is nie, verskaf asseblief die name van alternatiewe persone wat ons kan skakel: | |
| A. | Tel: |
| B. | Tel: |

| MEDIESE BESONDERHEDE (Spesifiseer waar nodig) | |
|---|---|
| Vorige ernstige siektes: | |
| Operasies ondergaan: | |
| Enige gebreke, probleme of agterstand in sig, gehoor of spraak: | |
| Enige allergieë: | |
| Leerder se bloedgroep: | |
| Geestelike of sielkundige wanfunksies: | |
| Is alle inentings, soos deur die wet vereis, toegedien: | |
| Het u kind, volgens u mening, sy/haar ontwikkelingsmylpale voldoende bereik: | |
| | |
| Was u kind voorheen geevalueer deur of vir behandeling by enige professionele persoon, bv arbeidsterapeut, opvoedkundige sielkundige, gehoor- of spraakterapeut?<br>Spesifiseer:<br><br>Heg asseblief verslag aan, indien ja. | |
| Naam van huisdokter: | Tel: |
| In geval van nood, na watter hospitaal moet u kind geneem word? | |

Hierdie inskrywingsvorm dien ook as kontrak tussen die ouers/voogde van die leerder en Graad R KleuterAkademie.
Hierdie verbintenis sal in sy geheel van krag bly vanaf die dag van ondertekening daarvan deur die ouer/voog tot die dag waarop die leerder die akademie amptelik verlaat.

Ek bevestig dat ek die prospektus ontvang het en ek onderneem om die skoolreëls, die huishoudelike ordereëlings, die beginsels waarvoor die akademie staan en die doelstellings van die akademie heelhartig te onderskryf.

Onderteken te: ______________________________________________Hierdie __________________ Dag van ____________________20_______

________________________________ ________________________________

Ouer/Wettige Voog Prinsipaal

# Tariefstruktuur 2024

**Plasingsfooi:** R2 250 ☐ Datum van elektroniese betaling:______________________
**Plasingsfooi vir 2de kind:** R1500 ☐
**Plasingsfooi vir kind van Durbanville/ Eversdal/ Sonstraal KleuterAkademie:** R1 750 ☐

- Die plasingsfooi is betaalbaar saam met die inskrywing van u kind by die akademie om sy/haar plek te verseker. Stuur asb. bewys van betaling na graadr@akademiekleuters.co.za.
- Die plasingsfooi is vir skryfbehoeftes, klasbenodighede, administrasiekostes en daaglikse benodighede bv. sneesdoekies, toiletpapier, noodhulpitems en sluit ook die opwindende "Tippie doen Wiskunde" boekpak in.
- Die fooie is **nie terugbetaalbaar nie**.
- Ongelukkig kan geen plek gehou word sonder die betaling van hierdie fooi en die voltooide inskrywingsvorm nie.

## Maandelikse tarief:

| | Sonder vakansiesorg | | Met vakansiesorg | |
|---|---|---|---|---|
| Halfdag (07:00 – 13:00) | R3 150 X 12 | ☐ | R3 300 X 12 | ☐ |
| Voldag (07:00 – 18:00) | R4 500 X 12 | ☐ | R4 650 X 12 | ☐ |

***Dui asseblief u keuses aan.***

Maandeliks ☐ Jaarliks (voor of op 31 Des 2023 vir 3% afslag) ☐

- Die maandelikse tarief is **vooruitbetaalbaar,** voor of op die eerste dag van elke maand.
- Gebruik asb. u kind se pastelkode as verwysing vir enige betalings.

## Laatoptelboete

**Halfdag:** Die skool se oggendprogram sluit om 13:00, waarna halfdag maats verdaag.
**Voldag:** Indien u van die skool se nasorg gebruik maak, moet u kind asb. voor 18:00 opgetel word.
'n **Boete** van **R50** sal gehef word vir elke **15 minute** wat u kind laat opgetel word na 13:00 en 18:00.

## Betalings

- Maandelikse betalings moet asb. **voor of op die 1ste** van die maand gemaak word met u kind se pastelkode as verwysing. Die skoolfonds is bereken en betaalbaar oor **12 maande**.
- 'n Unieke pastelkode sal uitgereik word sodra u kind se inskrywing by KleuterAkademie suksesvol afgehandel is. Die kode sal bestaan uit die eerste 3 letters van u kind se van met 'n nommer bv. "VAN30". Grasie van 3 dae word gegee vir gelde om in die rekening te reflekteer.
- 'n Laatbetalingsfooi van **R50 per dag** sal gehef word indien gelde eers na die eerste betaal word.
- Jaarlikse betalings moet asb. teen **31 Desember 2023** gemaak word om te kwalifiseer vir die 3% afslag.

## Nasorg:

- Vir leerders wat nie vir nasorg ingeskryf is nie, is nasorg beskikbaar teen **R135 (tot 18:00)** per middag.
- Reël asb. 'n week voor die tyd met u kind se skoolhoof sodat voorsiening gemaak kan word vir middagete.
- Indien u binne 'n week van die nasorg middag of op dieselfde dag nasorgreëlings tref, moet dit asb. voor 09:00 gedoen word, en moet u dan 'n ekstra kosblikkie vir middagete inpak.

## Vakansiesorg:

**Alle veranderinge m.b.t. vakansiesorg word kwartaalliks gedoen vir die volgende vakansie.**

- Geen korttermynveranderinge sal toegestaan word nie, aangesien verskeie faktore soos toesig en kosbeplanning beïnvloed word.
- Veranderinge sal slegs gemaak word indien 'n nuwe getekende tariefvorm ontvang is.

## Kansellasie en veranderinge

- Een **kalendermaand** skriftelike kennisgewing moet gegee word in die geval van kansellasie.
- **November** kan nie as kennismaand gegee word of deel uitmaak van die kennisperiode nie.
- Alle **veranderinge** in inskrywingstye moet teen die **21ste van die maand** gemaak word, en tree in effek die komende maand.
- Veranderinge sal slegs gemaak word indien 'n nuwe getekende tariefvorm ontvang is.

Beide ouers is verantwoordelik vir die betaling van die skoolfooie. Ingeval die skool geregtelike stappe moet neem om skoolgelde te verhaal, sal beide verantwoordelik wees vir die uitstaande fooie en alle regskoste, insluitende prokureurs- /kliëntefooie en invorderingsgelde wat deur die skool aangegaan word in hierdie verband.

Ons/ ek, ________________________________________________, die ondergetekendes, ouers/ wettige voog van ______________________________________________verstaan en aanvaar alle voorwaardes en terme, hierin uiteengesit, rakende die tariewe en betalings.

**Stuur asb. die rekening per e-pos aan:**

| **Pa se e-pos:** | **Ma se e-pos:** | **Alternatiewe e-pos:** |
|---|---|---|
| | | |

Onderteken te: ____________________________________Hierdie __________Dag van _________________20____

_________________________ Ouer/Wettige Voog

_________________________ Ouer/Wettige Voog

**Bankbesonderhede:**
KleuterAkademie
Investec-Current Account
Tak kode: 58 01 05
Rek No: 10012265837
Verwysing: U kind se kode met naam en van

# **Benodighede**

- Kosblikkie vir 9:30 uur met gesonde kos en 'n "nie-drip" koeldrankbotteltjie met water, sap of melk.
- Waterbottel wat in die klas gehou word.
- Ekstra stel klere.
- Somer: Sonhoed en sonskerm.
- Groot genoeg tassie om al die ekstra klere ook te kan hou.
- Beursie vir koekverkoping
- Ou t-hemp van mamma of pappa vir morsige aktiwiteite
- 'n Inkleurboek vir nasorg
- 'n Foto van jouself vir die eerste week van skool
- **A3 "Flip file"** leêr (20 sakkies)



# Toestemmings- en vrywaringsvorm

Graad R KleuterAkademie onderneem om in alle skoolaktiwiteite, redelike en algemeen aanvaarbare veiligheidstandaarde daar te stel en alle moontlike voorsorg te tref om u kind en alle personeel en besoekers se veiligheid en welstand te verseker.
Uit die aard van die saak kan Graad R KleuterAkademie en die personeel egter nie verantwoordelikheid aanvaar vir ongelukke wat in die klas, op die speelterrein of tydens uitstappies mag plaasvind nie.
Elke ouer word derhalwe versoek om die onderstaande vorm te voltooi as bewys dat u die akademie en personeel se posisie verstaan en die risiko daaraan verbonde, aanvaar.

Ek, ________________________________________(volle naam), ID:____________________________________ die ondergetekende, ouer/voog van _________________________________________________(kind se volle naam) wie as sulks ingeskryf en aanvaar is by Graad R KleuterAkademie, vrywaar hiermee en stel Graad R KleuterAkademie en alle personeel skadeloos vir alle verliese of skade in die algemeen, hoe dit ook mag ontstaan, wat ek as ouer of voog van bogemelde leerder of leerders mag lei, as gevolg van enige gebeurlikheid waarby hy/sy betrokke mag wees as leidende of veroorsakende party weens sy/haar betrokkenheid as leerder by die akademie.

In die besonder magtig ek hiermee dat die bogemelde leerder aan alle aktiwiteite en uitstappies, kan deelneem, en waar toepaslik stem ek toe dat hy/sy van die vervoer wat die skool na die uitstappie voorsien, mag gebruik maak. Ook in hierdie omstandighede vrywaar en stel ek die akademie en die personeel skadeloos vir enige skade of verlies wat ek as ouer of voog van die betrokke leerder mag lei en aanvaar vrywilliglik alle risiko wat daarmee gepaard mag gaan.

Ingeval van 'n mediese noodgeval, gee ek hiermee toestemming dat, indien ek nie onmiddelik beskikbaar is nie, eerstehulp toegepas mag word en ek dra my magte as ouer/voog oor aan die prinsipaal van die skool of haar verteenwoordiger indien mediese behandeling/chirurgiese ingreep vir my kind nodig mag wees.

Ek aanvaar dat alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid en welstand van my kind en ek aanvaar verantwoordelikheid vir die betaling van alle mediese en/of hospitaalrekeninge vir die behandeling van my kind indien hy/sy dit mag benodig.

Onderteken te: __________________________Hierdie __________Dag van ______________________20___

______________________________
Ouer/Wettige Voog:

# Parasetemol toestemmingsvorm

Hierdie vorm is nie verpligtend nie.
Indien u kind 'n hoë koors gedurende skoolure ontwikkel en u nie u kind onmiddellik kan optel nie, is daar 'n kans dat sy/hy koorsstuipe kan kry. Volgens wet mag geen medikasie aan u kind gegee word sonder u toestemming nie.
Ons sal u altyd eers kontak voor enige medikasie toegedien word.
Hierdie toestemmingsvorm is vir een dosis parasetemol volgens u kind se ouderdom.

Ek ___________________________________gee hiermee toestemming dat______________________________ 1 dosis van 'n pediatriese parasetemolstroop, toegedien deur 'n personeellid van Graad R KleuterAkademie, mag ontvang indien sy of hy 'n koors bo 37.5˚C gedurende skoolure ontwikkel.

_____________________________ _____________________________
Ouer/Wettige Voog Datum

_____________________________
Onderwyseres

# <u>Prosedures tov siek kinders</u>

Ons het die volgende prosedures in plek gesit by die Akademie tov siek kinders. Ons vra dat u dit asb deurlees en teken.

• Indien die kind siek of koorsig raak by die skool sal die ouers gekontak word om die kind te kom haal. Hy/sy sal een toediening parasetamol kry (soos per getekende toestemmingsbrief) **en die kind sal dan in die kantoor wag** totdat hy/sy gehaal word.

• **Geen** kind op **koorsmedikasie** mag skool toe kom nie. Dit is ‘n indikasie dat daar wel iets broei en kan ander kinders en onderwyseresse aansteek.

• **Geen** kind sal gedurende die **eerste 2 dae** van sy/haar **antibiotikakursus** by die skool toegelaat word nie.

• **Geen voorskrifmedikasie** (bv antibiotika) sal by die skool toegedien word sonder ‘n voltooide voorskrifmedikasievorm. Hierdie is ‘n wetlike vereiste waaraan die skool moet voldoen.

• Kinders moet **24 uur** na laaste **braking, diaree** of toediening van **koorsmedikasie** by die huis bly.

• Geel en groen **loopneus** is ‘n indikasie van infeksie, dus moet hy/sy liefs by die huis bly totdat dit opgeklaar het.

Ons vertrou dat u verstaan dat ons hierdie prosedures in plek het om almal gesond en veilig by die skool te hou en waardeer almal se samewerking in hierdie verband.

## <u>Ontvangserkenning van Prosedures tov siek kinders</u>

Hiermee bevestig ek, ouer/voog van _______________________________________(kind se naam) dat ek kennis neem van die prosedure tov siek kinders.

________________________________ ________________________________

Handtekening Datum

# **Toestemming vir die gebruik van foto's op Sosiale Media**

Hiermee gee ek, ____________________________________________, die ouer/voog van ______________________________________________ ☐ toestemming/☐nie toestemming nie dat groepfoto's van my kind/kinders op sosiale media geplaas word/geplaas word nie.

Geteken te_____________________________________op hierdie dag_________van hierdie maand_______________________________20______

Handtekening van ouer/voog

______________________________

# <u>Toestemming vir die gebruik van persoonlike kontakbesonderhede:</u>

Hiermee gee ek, ________________________________________________, die ouer/voog van _________________________________________________________________________

☐ toestemming

☐ nie toestemming

dat my persoonlike kontaknommer mag verskyn/ nie mag verskyn op die klaslyste, wat aan ouers gestuur word.

Geteken te_________________________________op hierdie dag____________van hierdie Maand__________________________________20___

Handtekening van ouer/voog

____________________________________

# Skoolreëls

**Algemeen**

Geen speelgoed mag skool toe gebring word nie. Dit veroorsaak konfrontasie, lei die kinders se aandag af, breek en raak weg.

Stel ons in kennis van enige probleem wat u kind mag ervaar of as daar iets is wat u kind mag ontstel.

Moet nooit enige vertrouelike of sensitiewe inligting voor u kind bespreek met die onderwyseres nie.

**Dissipline**

Kinders moet hulle onderwerp aan die gesag van die personeel.

Kinders moet hulle volle samewerking gee in die onderrigprogram.

Kinders mag nie sonder toesig buite speel nie.

Kinders moet mekaar en die personeel respekteer en mag geen ander kind of personeellid liggaamlike leed aandoen nie.

Geen gevaarlike speelgoed of wapens word toegelaat nie.

Kinders is vry om te speel, te ondek, te toets en te ervaar, maar binne veilige perke.

Geen vuil taal sal geduld word nie. Wees versigtig met u taalgebruik voor u kinders by die huis, want dit wat hulle by die huis hoor, is wat hulle by die skool gebruik.

Geen eiendom van die skool mag beskadig word nie.

Geen fisieke dissipline word by die skool toegepas nie.

Kinders word op 'n "dinkstoel" gesit totdat hulle gekalmeer het, onverskoning gevra het en verstaan waarvoor hulle gedissiplineer is.

**Reëls binne**

Kinders moet aandag gee en stilbly op die mat tydens groepbesprekings.

Kinders mag nie hardloop in die klasse nie.

Kinders mag nie op mekaar se werkmatte trap terwyl hulle werk nie.

Kinders mag nie met mekaar se werk inmeng nie.

Kinders mag nie skree in die klas nie.

Kinders moet hulle beurt afwag om met die onderwyseres te praat as sy besig is met 'n ander leerling.

Kinders moet hul eie werkmatte en werkitems wegpak en die klas netjies maak.

Geen stampery, bytery of slanery sal geduld word nie.

Kinders moet mekaar ruimte en tyd gee om hul werk te voltooi.

Kinders mag nie op die mure, tafels of die vloer teken of verf nie.

Kinders moet by die tafels sit wanneer hulle eet en drink.

**Reëls buite**

Kinders mag nie sand, water, klippe of enige ander voorwerpe na mekaar gooi nie.

Kinders mag nie die materiaal of items van binne af na buite neem nie.

Geen stampery en stotery sal op die klim- en klouterapparaat of swaaie toegelaat word nie.

Kinders mag nie teen die glyplank opklim nie.

Kinders mag nie mekaar van die fietsies of enige ander speelapparaat afstamp nie.

Kinders mag nie in die bome klim of hang, plante verniel en takke afbreek nie.

Kinders mag nie by die hekke speel nie.

Slegs een kind word op 'n slag op 'n swaai toegelaat.